kykNET Rapport BOEKPRYSE

*vir interessante en innoverende feite en fiksie*

Die nuwe jaarlikse **kykNET-Rapport Boekpryse** ter waarde van R500 000 word toegeken in die volgende kategorieë:

- Beste Afrikaanse volwasse roman (R200 000)
- Beste Afrikaanse niefiksie-boek (R200 000)
- Afrikaanse roman of niefiksie-boek met die meeste filmiese potensiaal (R100 000)

Dit is ’n letterkunde toekenning. Die sameroeper wil nie graag deelname beperk tot slegs 4 titels per uitgewery nie maar versoek uitgewers om streng oordeel aan die dag te lê by die voorlegging van boeke in die verskillende kategorieë. Slegs boeke wat voldoen aan die kriteria moet voorgelê word.

Die wenboek vir FIKSIE moet:

- in gesprek wees met die beste in sy eie lokale tradisies en met die wêreldliteratuur
- veelvlakkig wees, maar nie obskuur nie
- verras met vars, innoverende taalgebruik
- oorspronklik lig werp op die alledaagse

Die wenboek vir NIEFIKSIE moet:

- kersvashou by die beste niefiksie plaaslik sowel as internasionaal
- getuig van deeglike navorsing, hoogstaande tegniese vakmanskap en uitstekende vormgewing
- inhoudelik oorspronklik wees in taal en tema
- lei tot nuwe insig by die leser

Enkele riglyne by die FILMTOEKENNING:

1) Is die **tema** van die boek geskik om aangepas te word as ’n rolprent, televisiereeks of dokumentêre program? *(As jy die verhaal in ’n sin saamvat, kan jy dit op ’n plakkaat sien?)*

2) **Aanpasbaarheid** van die manuskrip om verwerk te word in ’n draaiboek. (Is dit filmies geskryf met ’n goeie struktuur? *(Gaan dit pas in die lengte van die algemene 90-minute rolprent = 114 bladsye dubbelspasiëring).*

3) ’n Slim/onderhoudende/spannende **verhaal** wat volhoubaar sal wees vir 90 minute en **karakters** waarmee die rolprentgehoor sal kan identifiseer.

4) **Bekostigbaarheid** – Realiteite van die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf dwing vervaardigers om “goedkoop” te dink en te werk. *(Is dit bekostigbaar?)*

5) **Kommersialiteit** – Is die tema, situasie, karakters toeganklik? Die finansiële realiteit van die rolprentbedryf: *Gaan dit geld maak?*

Lê slegs boeke voor wat u meen filmiese potensiaal het.

## AMPTELIKE REËLS

1. Slegs gepubliseerde boeke wat tussen 1 Januarie 2013 en 31 Desember 2013 verskyn het, kom in aanmerking vir die **kykNET-Rapport Boekpryse**.

2. Skrywers se toestemming moet in alle gevalle vooraf verkry word.

3. Geen self-publikasies word oorweeg nie.

4. Boeke moet oorspronklik in Afrikaans geskryf wees. Indien boeke gelyktydig in Afrikaans en Engels verskyn het, kom die Afrikaanse uitgawe in aanmerking vir die prys mits dit deur die skrywer self vertaal is.

5. Die kortlyste word aangekondig op 5 Oktober na ’n vergadering van keurders.

6. Uitgewers sal in kennis gestel word van boeke op die kortlys en versoek word om so gou doenlik die sameroeper te voorsien van die volgende:

   - bondige opsomming van die inhoud
   - goeie gehalte foto van die skrywer
   - bondige biografiese gegewens
   - skriftelike toestemming dat gratis uittreksels van boeke op die kortlys in *Rapport* en op LitNet mag verskyn.

7. Die sameroeper is nie verantwoordelik vir die terugsending van boeke wat verkeerdelik voorgelê word nie.

8. Die besluite van die keurders is finaal.

9. Geen inskrywingsfooi is betaalbaar nie.

10. Voltooide inskrywingsvorms vir die eerste **kykNET-Rapport Boekpryse** sowel as 8 eksemplare van elke boek moet die sameroeper bereik voor of op **17 April 2014.**

Adres waarheen boeke versend moet word per koerier:

**kykNET-Rapport Boekpryse**
p/a Hettie Scholtz
La Clémence 128
Webersvalleipad
Jamestown
STELLENBOSCH
084 583 0272

Rig alle navrae aan die sameroeper:

**Hettie Scholtz by** scholtz5@mweb.co.za **/ 084 583 0272**